Donderdag **27 Junie**
**Skrifgedeelte: Efesiërs 6:10-20**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 6:10-13 (AFR83/2020)**
**Leef die nuwe lewe: Trek die volle wapenrusting aan!**

In die afgelope paar dagstukkies het ons gelees hoe die vernuwingswerk van die Heilige Gees deurslag vind in ons lewe as Christene. Enigeen van ons wat in alle erns die nuwe lewe wil leef, kom gou agter dat dit regtig moeilik is! Dit moet ons ook nie verbaas nie, want ons is in ’n geestelike oorlog. Ons is in ’n geestelike stoeigeveg met demoniese opponente (Ef. 6:12).

Hier is die goeie nuus: die bose magte is reeds aan Christus onderwerp (Ef. 1:21) en Hy heers bo elke mag en gesag. Die geeste het nie meer dieselfde mag wat hulle gehad het nie, tog is hulle in hierdie laaste dae steeds aktief besig om oorlog te voer teen die mensdom en veral teen die Bruid van Christus (die kerk). Maak geen fout nie: Ons is in ’n aktiewe oorlog, totdat die Here Jesus Christus weer kom om hulle in die poel van vuur te werp.

Hoe veg ons in hierdie oorlog? Nie in eie krag nie. Die Here Jesus Christus stel sy krag vir ons beskikbaar deur sy Heilige Gees. Ons moet sterk word in die Here se krag (Ef. 6:10). Hoe doen ’n mens dit? Deur by die Here te gaan haal wat Hy reeds vir jou gegee het – sy wapenrusting:

- Die gordel: Maak en hou jouself gereed vir oorlog met die Here se Woord en waarheid (Ef. 6:14).
- Die borsplaat: Leef ’n lewe in gehoorsaamheid aan die Here (Ef. 6:14).
- Die skoene: Geanker in die Here se vrede, beweeg ons vooruit om die evangelie te bring (Ef. 6:15).
- Die skild: Kruip gelowig weg agter die Here se beloftes, wanneer die duiwel aanval met wanhoop, dwaalleer, vervolging en ongeloof (Ef. 6:16).
- Die helm: Die duiwels gaan vir die kop – hulle wil jou denke binnedring en veral twyfel oor jou verlossing saai. Vind sekerheid van jou redding deur gereeld saam te aanbid met medegelowiges en die sakramente te vier. Vernuwe jou denke (Ef. 6:17; Rom. 12:1,2).

*Sing: Skrifberyming 53 (14-3):1-4*
*Ds. GM (Marnix) Boersema (Graaf Reinet)*